**Skriflesing:** Lukas 21:25-36
**Tema:** Gelowiges leef op hulle tone.

Heelwat van ons is gelukkig om hierdie vakansie iewers heen weg te gaan. Ons gaan reis na ons vakansiebestemming. En as daar kleiner kinders in die motor is, gaan ons waarskynlik gereeld hoor: “Hoe ver nog?” of “Hoe lank nog?”?

As kinders v Here is ons ook op reis in die tyd tussen Christus se eerste en tweede koms. Ons vier in kerstyd sy eerste koms. En ons reis verlangend vooruit na ons eindbestemming – oppad na sy tweede koms. Op ons lewensreis wonder ons ook hoe lank dit is totdat Hy weer kom.

Hy sal nie stil stil kom soos sy eerste keer nie. Hy kom met krag en majesteit. Almal sal Hom sien. Hy kom met trompetgeskal. Almal sal Hom hoor.

In Lukas 21 lees ons van tekens in die natuur wat sy koms sal voorafgaan. Die son, maan en sterre sal onheilspellend begin verander. Daar sal ‘n gebulder van die see en sy vloedgolwe wees. Die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. Dit is ‘n skokkende prent wat Jesus hier teken. Maar Hy doen dit om mense tot stilstand te ruk. Dit is sy oproep om gereed te wees wanneer Hy weer kom.

Al die tekens sê nie presies wanneer Hy kom nie, maar dat Hy kom. Ek dink ons loop die gevaar om te veel tyd te mors met die tekens en verklaar daarvan. In Matteus 24:36 sê Jesus: “Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.”

Storms en orkane, aardbewings en atuurrampe, wat in intensitiet gaan toeneem, kondig aan dat die Here oppad is.

Jesus sê in Lukas 21:32 dat die dinge nog in hierdie geslag se leeftyd gaan gebeur. Nou het 2000 jaar verloop. Hoe moet ons sy woorde verstaan?
In Lukas se tyd is die tempel en Jerusalem al 20 jaar gelede vernietig. Dit het die volk in ellende gedompel, maar het nie die einde gebring nie.
Die tekens was maar vir altyd daar en geslagte het gekom en gegaan. Hoe ver nog, hoe lank nog voor Hy weer kom?

Jesus verwys waarskynlik nie hier na die mense met wie Hy in gesprek is nie. Hy verwys na hulle, dalk is dit ons, wat teenwoordig is wanneer die tekens finaal gebeur. Daardie mense sal sy tweede koms sien.

Dan kom Hy weer om sy kinders te kom haal. Ons sal geoordeel word tot die ewige lewe. Hulle wat Hom nie ken en dien nie, sal veroordeel word. Vir ongelowiges bring sy tweede koms radeloosheid en angs. Hulle sal beswyk van vrees en spanning.

In die tyd van Lukas, het sy tydgenote swaargekry onder Romeinse heerskappy. 95% van die bevolking het nie geweet waar hulle volgende bord kos vandaan sou kom nie. Die sorge van die lewe het hulle so swaar gedruk dat hulle letterlik krom geloop het. Hulle koppe het gehang. Hulle kon nie die lewe en werklikheid daarvan in die oë kyk nie. 'n Klein groepie ryk mense was gierig en gulsig.

Ook ons leef in wêreld vol stryd, geweld en trane. Ons leef in 'n wêreld waarin sy "vrede op aarde" dikwels nie sigbaar is nie. Hoe leef ons nou - tussen Jesus se eerste en tweede koms?

Ons laat nie toe dat die bekommernisse van die lewe ons afgestomp maak nie. Ons gee nie oor aan die genietinge van die lewe – aan dronkpartydjies en allerhande vieslike sondes nie. Ons lewe as nuwe mense vol afwagting, want Jesus kom weer om ons te kom haal.

Ons bid altyddeur. Ons leef wakker en waaksaam, sodat Christus se koms ons nie onverwags soos 'n vangnet oorval nie. Wanneer ons in geloof deel in die verlossing en vergifnis wat moontlik gemaak is deur Christus se eerste koms, is ons nie net reg nie. Ek en jy sien vandag uit na sy tweede koms.

Die vyeboom se uitloopsels kondig aan dat die koue dooie winter byna verby is. Lente en somer is oppad en ons is opgewonde daaroor. Ons kan nie kan nie wag vir ons finale verlossing uit die oorblyfsels van die sondewinter nie. God se nuwe somer, waarna ons so uitsien, is voor die deur.

Daarom staan ons op. Ons staan op ons tone. Ons lig ons kop op verder te kan sien of Hy al oppad is. Ons verlang na sy koms en roep saam met die ganse skepping uit: "kom Here Jesus!"
Ons leef opgewonde, want wanneer Hy weer kom, bring Hy finale hoop en verlossing. Hy kom om ons volmaak te seën en te bederf met sy ewige lewe.

**Afsluiting**
Ek lees die volgende verhaal van die huis van verteenwoordigers wat 230 jaar gelede, gedurende 'n helder dag in Mei naby New York, in sitting was. Die afgevaardigdes het hul werk in natuurlike lig gedoen. Toe gebeur iets heeltemal onverwags. In die middel van 'n debat, was daar sonsverduistering. Skielik het dit donker geword.
Sommige afgevaardigdes het gedink dat dit die Here se tweede koms is en daarom was daar redelike chaos. Mense wou verdaag – dalk kon hulle nog vinnig regmaak vir die koms van die Here.

Die voorsitter, wat ‘n Christen was, het anders gereageer. Hy het gesê: “Ons almal is deur die donker ontstel – sommige van ons is bang. Maar dit is: of die dag van die Here – of dit is nie. As dit nie is nie, het ons geen rede om die vergadering te verdaag nie. En as dit wel die Here is wat terugkeer, is ek reg. Ek sien al hoe lank daarna uit. Ek verkies om gehaal te word terwyl ek my roeping vervul. Ek vra daarom dat lampe gebring word dat ons kan voortgaan.
Amen